



# HOOP

Edward Smuts

Daar is in die afgelope paar maande reeds baie geskryf oor die pandemie; daar het self reeds boeke daaroor verskyn. Een ding is egter seker: die toekoms is nie in so 'n redelike mate voorstelbaar soos ons aan die begin van elke jaar dink nie.

Wat wel seker is, is dat ons kan hoop; hoop op 'n uitkoms uit die huidige situasie. Met hoop kan ons 'n vertroue bou en vashou aan 'n belofte dat 'n uitkoms en 'n toekoms wel moontlik is.

Ek lees in die September WEG van die hoop om binnelands te kan reis, "Local is lekker". 'n Versugting om na 16 hartsplekke in ons land te reis noudat die inperking verslap is. Ons omstandighede is dus besig om te verbeter. Dit gee hoop!

NS bestaan sedert 18 September 2011 en is dus 'n volle 9 jaar oud. Ook hierin lê hoop, want die Sirkel het baie Sirkelvriende 'n nuwe spirituele visie gegee; ook daarin lê hoop - om die toekoms met ander oë te verstaan.

Ons moet in die lente wat nuwe lewe bring tekens van hoop sien. Ons moet ons sintuie gebruik om daardie tekens te kan waarneem; nie net om ons nie, maar ook in ons.







**DIENSTE TYDENS INPERKING**



**Johan & Ronel hanteer die besprekings en toegang by die Kapel**

**Familielede word toegelaat om bymekaar te kan sit**







**Sedert 26 Maart 2020 is ons land op grendel en sewe maande later het ons op een of ander manier aangepas om met hierdie *Kroonpespandemie* saam te leef.**



Terblanche Jordaan

## Onvoorstelbare onsekerheid!

Ons land gaan deur onvoorstelbare onsekerheid oor die werkloosheidsyfer en toenemende korrupsie ... so dan so, dat die meeste van ons afgestomp het as ons nóg 'n berig lees. Veel meer as die statistiek is dit hierdie *'onsekerheid'* wat ons oorweldig.

## Geloof & Hoop & Liefde

Ons doen wat ons kan om positief te bly en met kalmte die volgende maand en volgende drie maande te beplan. Die omvang van die emosionele en finansiële implikasies sal ons seker eers volgende jaar kan bereken. In die tussentyd doen ons wat ons moet — en ons doen dit met *geloof* dat alles ten goede sal uitwerk; ons doen dit met *hoop* wat die potensiaal dra om hierdie jaar te sien as 'n geskenk wat ons gebring het tot 'n plek waar ons in beter verhouding is met onsself, ons ewemens, en God; en dit doen ons met *liefde* sodat ons nie heen en weer geslinger word deur ons emosies (reaksies) nie.

## Lig in elkeen se oë


Sedert middel Julie is ons weer Sondae by die Kapel en alhoewel dit onderhewig is aan reëls en regulasies gaan dit verbasend goed en elke Sondag is ons op 'n stoel of twee die maksimum 50 wat ons mag huisves. Soos altyd is daardie uur 'n herinnering van God se teenwoordigheid in ons lewe en al sit almal met maskers, is daar genoeg LIG in elkeen se oë om die afgelope 'winter' te vernuwe in 'n Lente van die Hart.

## Waarde en betekenis

Ons behoort eersdaags weer toegelaat te word om ALMAL te verwelkom. Dit is my hart se oortuiging dat die lesse van 2020 sal by ons 'n nuwe toewyding en verantwoordelikheid bring oor wat die waarde en betekenis is van ons geestelike lewe en dat dit in meer as een opsig belangriker is as die tyd, moeite, aandag, en sorg wat ons insit ter wille van ons fisiese welstand.

My moue is opgerol en my skoenveters is vas vir 'n nuwe seisoen se saai en oes.

**Liefdegroete**



**Baie dankie vir al die bydraes wat gereeld inbetaal word;**
**dit maak dat**
**Neo-Spektrum kan oorleef!**

**SIRKELDIENSTE VIND SONDAE OM 10:00 PLAAS**

**SKAKEL RONEL BREDENKAMP - 083 631 1468 OM TE BESPREEK**

## PROSEDURES BY KOLPING GASTEHUIS (KG) & KAPEL

- KG ontsmet die Kapel vooraf volgens voorgeskrewe bepalings van die Gasvryheidsbedryf
- Hoogstens 50 Sirkellede met die korrekte sosiale afstand word in die Kapel toegelaat
- By aankoms by die hek moet u reeds 'n masker dra
- Handhaaf deurentyd die korrekte sosiale afstand
- Familielede word toegelaat om by mekaar te sit & maskers af te haal
- By die ingang sal **Ronel Bredenkamp & Johan Muller** jou afmerk op die teenwoordigheidslys.
- U hande word daar met ontsmetmiddel gespuit
- Daar word ook weer **koffie & tee na die diens** verskaf.

# 33 VIDEO'S REEDS OP YOU TUBE GEPLAAS

NS plaas weekliks video's op You Tube. Die terugvoering is baie positief en daar was reeds meer as 25,000 besoeke aan die video's. Die Leierspan van NS het besluit om voort te gaan met die video's aangesien die reikwydte ook ver buite ons Sirkel strek. Die laaste vier maande het die video's ook Engelse onderskrifte wat dit dus ook vir Engelssprekendes toeganklik maak.

Dit is 'n langsame proses om die video's op te neem, te redigeer, te vertaal en met onderskrifte op You Tube te plaas. Hierdie proses bring uitgawes aan die produksie mee; gevolglik soek die Leierspan van Neo-Spektrum na persone wat bereid is om die proses te **BORG** of **GEDEELTELIK TE BORG**.

**Maak kontak met die Projekkoördineerder, Edward Smuts, by ed56chris@gmail.com of 082 788 1824 indien meer inligting verlang word.**

Gaan kyk gerus na die video's op:

https://www.youtube.com/channel/UCBbZGoIlY3NhpEvxNDexGtw/videos

## BOEKGROEP BEGIN WEER OP 5 OKTOBER 2020 OM 19:00 by Fontijn 204 in Newhavenstraat, Durbanville

- Skakel **Lydia le Roux** by **084 751 5401** om te bespreek
- Handreineger en dra van maskers is steeds verpligtend
- Daar word natuurlik weer koffie, tee en versnaperinge na die bespreking bedien.

## NEO-SPEKTRUM: TOT EINDE DESEMBER 2020

| | | |
|---|---|---|
| Sirkeldienste | Sondae @ 10:00 | Kolping: Almal welkom wat bespreek |
| Boekgroep | Begin 5 Oktober @ 19:00 | Fontijn 204 Newhavenstraat Durbanville |
| Somerfees & Wynveiling | 14 November | Durbanville Hills: Plek vir 60 |
| Algemene Jaarvergadering | 22 November @ 11:30 | Kolping: Konferensiekamer |
| Somerhoopprojek | Okt./Nov./ Des. | Huis Jabes: Sien hieronder |

## SOMERHOOP-PROJEK (SHP) TEN BATE VAN HUIS JABES VIR VROUE EN KINDERS WAT ONDERSTEUNING NODIG HET

Gedurende die laaste kwartaal van die jaar reik NS uit na Huis Jabes met die Somerhoop-Projek. Soos met die Winterhoop-Projek gedurende inperking (kon nie sakke met voorrade insamel nie) vra NS weer eerder finansiële skenkings, want sekere regulasies geld steeds by Sirkeldienste. Die Leierspan vertrou dat die reaksie weer soos met die Winterhoop oorweldigend gaan wees. Met bydraes kan die Leierspan baie selektief aankope doen.
Daar word dus weer gevra dat finansiële bydraes gemaak word.

**Skenkings kan inbetaal word by ABSA 40 8348 1065 (632005) met die verwysing: SHP**

Vir elke bydrae is daar groot dankbaarheid binne NS en Huis Jabes!

## VROUEDAGETE WORD TOE 'N COVID-BEDERFIE

**Neo-Spektrum help MES jaarliks om Vrouedag spesiaal te maak vir van hulle vroukliënte - nie hawelose vroue nie, maar vroue wat onder moeilike omstandighede leef. NS verskaf gewoonlik 'n driegang-maaltyd met vermaak. Vanjaar, met Covid-19, was dit nie moontlik nie en die UK het besluit om hulle eerder met geskenke te bederf. Hulle het elkeen 'n sakkie met bederfies en twee hangers ontvang. Daarbenewens het hulle elkeen ook 'n kospakkie ontvang met verskeie lekkernye en 'n sappie.**





Edward Smuts: Samesteller
ed56chris@gmail.com

Chrisna Smuts: Taalversorging
chrisna1949@gmail.com